JANUARIE / FEBRUARIE 2018

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

## GOD WAS NIE STIL NIE
### - DEEL 2

Dr. Kiichi Ariga is in Junie 1933 uit 'n diep gelowige familie gebore. "Bygelowigheid het by my gespook en ek het nog nooit gehoor van die Skepper God nie," het hy gedeel. "Toe ek 'n tiener was, het my beste vriend gesterf en dit het my laat wonder waar ek heen sal gaan as ek sou sterf. Ek het besef dat ek hel toe sal gaan as gevolg van my sondige hart. Ek het pelgrimstogte onderneem na die altare, gemediteer en geluister na leringe deur die priesters, maar ek het nie vrede gevind nie. ***Die gode was stil.***

Ek was op Oujaarsaand op pad na die altaar om te gaan bid toe my vriend aangedring het om my saam te neem na sy kerk toe. Ek het teensinnig ingestem en daar het ek vir die eerste keer gehoor dat daar nie agt miljoen gode is nie, maar alleenlik een ware God.

Ek het gehoor hoe ek gereinig kan word van my sonde as ek daarin glo dat die bloed van Jesus vir ons gestort is en hoe ek sekerheid kon kry oor die ewige lewe. Met trane van verligting en vreugde het ek die Lewende Verlosser as my Here aangeneem. Die Here het my gevul met die vrede waarna ek so verlang het! ***God was nie stil nie!***



*Dr. Kiichi Ariga*

Toe ek terugkom by die huis en my ouers vertel het, was hulle geskok en het geweier om my besluit te aanvaar. Gedurende die volgende sewe jaar wanneer ek Woensdag- en Sondagaande teruggekom het van die kerkbyeenkomste, was al die deure gesluit. Ek het altyd geklop en die stem aan die binnekant het dan gevra: 'Wie is dit?' 'U seun, Kiichi,' het ek dan geantwoord. Dan het die stem gesê: 'Sedert jy 'n Christen geword het, is jy nie langer meer my seun nie! As jy sal ophou kerk toe gaan en jou geloof in Jesus afsweer, sal ek jou inlaat.' Ek het geantwoord: 'Jesus Christus het vir my gesterf, dus sal ek ook vir Hom sterf.' Dan het die stem gesê: 'Bly buitekant!' Ek het op daardie tydstip vyf konyne gehad, derhalwe het ek dikwels buite by die konyne in hulle hok geslaap.

Omtrent hierdie tyd het 'n sendeling na my dorp toe gekom en met Engelse klasse by sy huis begin. Ek het Engels geleer en sy tolk begin word. Sewentig van my klasmaats het ook na sy huis gekom. Baie het vir die Engelse klas gekom, maar later die Verlosser gevind. Drie van hierdie sewentig leerders het voltydse werkers vir die Here geword.

Ek is geïnspireer deur 'n sendeling van Sjina wat Japan besoek het. Die Japannese soldate het haar gearresteer tydens die Sjinese-Japanese Oorlog en haar daarvan beskuldig dat sy 'n spioen vir Sjina was. Hulle het haar probeer breinspoel, want sy het hulle vertel dat Jesus die Ware God is en nie hulle menslike Keiser nie. Hulle het onbeskryflike wrede metodes van marteling gebruik, maar sy het getrou gebly aan Jesus.

Haar getuienis is later weergegee deur 'n groot Engelse nuusblad in Japan. 'n Soldaat wat gehelp het om haar te martel, het haar artikel gelees en 'n brief aan haar geskryf. Ek het saam met haar na sy huis gegaan en gesien hoe hy op sy knieë vir haar om vergifnis gesmeek het. Sy het aan hom die weg tot redding verduidelik en saam met haar voormalige vyand gebid. Alleen die liefde van Christus kan sulke liefde help manifesteer. Jesus het gesê, ***wees lief vir jou vyande,*** en dis presies wat sy gedoen het. Ek was diep geraak en het dit ernstig begin oorweeg om my lewe voltyds aan die bediening te wy.

Eendag, terwyl ek besig was om te bid en te vas, het die Here my 'n visioen gegee. Dit was 'n visioen van Christus wat Petrus drie keer gevra het of hy Hom liefhet. Uit die diepte van my hart en met trane het ek uitgeroep: 'Ja, Here, ek het U meer lief as enigiets anders.'

Openbaring 2:10 het toe by my opgekom: ***Bly getrou tot die dood toe en Ek sal julle die lewe as kroon gee.*** Dit was toe dat ek oortuig was dat God my geroep het tot die voltydse bediening.

Ek het al my toelatingseksamens tot die invloedryke Tokio Universiteit geslaag toe die Here my gelei het om die Bybelskool by te woon. My ouers was baie kwaad toe hulle hoor dat ek besluit het om nie universiteit toe te gaan nie. Hulle het gevra: 'Gaan jy 'n godsdienstige bedelaar word? As jy in die toekoms geld nodig gaan hê, moenie na ons toe kom vir hulp nie. Ons sal jou niks gee nie!'

Ek het 'n deel van die geld wat ek gespaar het vir die universiteit gebruik om in te skryf by die *Japan Evangelistic Band* Bybelskool in Kobe.

Toe het daar 'n familiekrisis gekom. My ouer suster wat 'n baba verwag het, moes geopereer word. Haar baba het gesterf tydens die operasie. My suster en ouers het nie genoeg geld gehad om vir die operasie te betaal nie, derhalwe het ek my oorblywende universiteitsgeld gestuur. Dit het my gelos sonder enige geld vir my Bybelskool uitgawes. Nadat ek met die hoof van die Bybelskool gepraat het en na baie gebed, het die Here wonderbaarlik die $40 per maand voorsien wat ek nodig gehad het om my vier jaar by die Bybelskool te kon voltooi.

Nadat ek gegradueer het, het die Here my gelei om 'n kerk in Otawara te plant waar daar geen kerk was nie. Ons het 'n weeklange evangeliese veldtog begin, plakkate opgesit en van huis tot huis gegaan om traktaatjies te versprei en te sê van byeenkomste. Vyf en veertig mense het daardie jaar besluit om Christus te volg.

Die Here het 'n jong ma van twee kinders gebring, wie se man vir vier jaar gehospitaliseer was met tuberkulose. Sy het hard gewerk om hom te verpleeg. Toe hy gesond was, het hy van haar geskei en met 'n mooi verpleegster van die hospitaal getrou en die twee kinders saam met hom geneem. Sy was baie swaarmoedig en het gif gedrink, maar dit opgebring. Sy het probeer om haarself in die rivier te verdrink, maar is gelukkig gered. Sy het huis toe gegaan en al die blindings toegemaak. Sy het in die donker vir dae aanmekaar gehuil en geskreeu. Die bure het haar 'die mal vrou in die duiwel se spookhuis' genoem.

Te midde van haar desperaatheid het sy my stem gehoor wat die byeenkoms aankondig. Sy het met vuil, dowwe hare en 'n smerige kimono gekom. Sy het soos 'n waansinnige persoon gelyk. Toe die uitnodiging gemaak is, het sy saam met vyf ander vorentoe gekom. Ek het gelei gevoel om my hand op haar voorkop te plaas en te bid, 'In die Naam van Jesus, duiwel, verlaat hierdie vrou.' Sy het uitgeput op die grond geval. Die gehoor het aangevoel dat iets besonders hier gebeur het. Toe het ek gesê: 'Jou sondes is vergewe!' Sy het toe van die grond af opgestaan met 'n stralende gesig en vreugde in haar hart.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 30/10/2017, 2/11, 16/11, 20/11, 21/11, 25/11, 2/12, 8/12, 12/12, 18/12, 20/12, 21/12.**

**ABSA BANK:- 1/11, 2/11 NLM, 5/11, 7/11, 10/11, 16/11, 17/11, 18/11, 26/11, 28/11 Bybels, 30/11, 1/12, 2/12 NLM, 12/12, 14/12, 18/12, 21/12, 22/12, 25/12, 26/12, 28/12/2017 Bybels.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

Die Christenvroue het haar geneem, haar gewas en haar hare gekam. Sy het toe vir Jesus begin werk deur ses van haar okkultevriende saam te bring kerk toe. Soos met Maria Magdalena is die duiwels uitgedryf en het sy die Here liefgehad. Sy het begin om TB-pasiënte in die hospitaal te besoek en twee van hulle het besluit om Christus te volg. Haar ondervinding het gewys dat die duiwel 'n harde baas is, maar dat Jesus die gewer is van vrede, vreugde en geluk.

Na sewe jaar het my moeder 'n Christen geword. Na nog sewe jaar het my vader, my broer, my skoonsuster, twee susters en twee swaers almal Christene geword! Vandag is 55 van my familielede Christene! Prys die Here!"

Die Here het later dr. Ariga geroep om nog verder te gaan leer en 'n voltydse evangelis te word. Hy gaan nou oral rond, terwyl hy 'n geneeswyse vir Japan verkondig, nl. **1) Berou, 2) Versoening, 3) Herlewing.**

Een van sy bedienings is die van **versoening**. Na die Tweede Wêreldoorlog het baie mense in die VSA, Kanada, Australië en die Verenigde Koninkryk bitter gevoelens teenoor die Japannese gehad. Wanneer dr. Ariga hierdie lande besoek, begin hy dikwels deur diep te buig op sy hande en knieë, terwyl hy op die verhoog sê: "Ek het uit die diepte van my hart berou oor wat die Japannese gedoen het. Vergewe ons asseblief vir wat ons aan julle mense gedoen het!" Baie word tot trane beweeg deur sy opregte verskoning en het begin om te bid vir die redding van siele in Japan, aangesien hulle harte ook heel geword het.

Dr. Kiichi Ariga is 'n dierbare vriend van **Japansending** vir baie jare. Hy praat by party van ons evangeliese byeenkomste en ons ondersteun sy bediening vir die afgelope 50 jaar.

***Bid asseblief*** dat die Here dr. Ariga sal seën en versterk, aangesien hy nog steeds een stryk deur aangaan en 'n besige skedule van byeenkomste en lesings hanteer op die ouderdom van 84!

**(Bydraer: Kiichi Ariga)**

## *HOEKOM JAPAN?*

Die Japannese is een van die mees onbereikte mensegroepe. Minder as 1% van die 126 miljoen Japannese is Christene. Die oorgrote meerderheid het nog nie die evangelieboodskap gehoor nie. **1 700 van die 2 500 dorpe van tot 30 000 inwoners het nie 'n kerk nie.** Daar is ongeveer 7 800 kerke met 'n gemiddelde bywoning van 30 mense, wat beteken daar is een kerk vir 16 000 mense. Daar is 34% minder sendelinge na Japan in vergelyking met 20 jaar gelede.

84% van die Japannese beweer dat hulle Sjinto en Boeddhisme aanhang, maar die meeste is bygelowig en onseker van hulle gelowe. Gevoelens van hooploosheid en isolasie het baie genoop om na selfmoord te draai wat die grootste oorsaak is van sterftes van 15- tot 39-jariges. Meer as 25 000 mense pleeg jaarliks selfmoord, wat neerkom op 70 mense per dag!

Baie voel leeg en is op soek na 'n doel en betekenis in hierdie lewe. Japan het ongeveer 183 000 geregistreerde okkultegroepe en staan by sommige bekend as die okkultehoofstad van die wêreld. 'n Morele vakuum het veroorsaak dat baie gedraai het na 'n lewe vir die oomblik en gee hulle dan oor aan verskillende soorte plesiere om in te ontsnap. Alkoholisme, dwelmverslawing en verslawing aan videospeletjies en die sosiale media het die grootste sosiale probleme geword. Japan is die nr. 1-voorsiener van kinderpornografie en aborsie word algemeen gebruik as 'n metode van geboortebeperking.

## *JAPANORAMA*
### *- SJINTOPRAKTYKE*

By die Sjintoaltare swaai die priester as 'n spesiale seëning 'n wit wolagtige kwas oor die aanbidders om hulle te reinig. Dit word baie gedoen soos die Joodse priesters altyd hisop oor die offerandes geswaai het.

Daar is baie ooreenkomste tussen die Joodse en Sjintogodsdienste. Daar is die Allerheiligste waarin die priester baie kere per jaar ingaan. Daar is die offerandes van ongesuurde ryskoekies op die altaar. As 'n mens die binnehof van die altaar binnegaan, is daar water en 'n waskom aan die een kant vir was en reiniging.

Elke altaar het 'n ***omikoshi*** ('n draagbare Sjintoaltaar), waarvan gesê word dat dit die gees van die god van die altaar bevat. Net soos die Joodse ark word daar met die ***omikoshi*** deur die strate van die buurt geparadeer. Dit simboliseer die teenwoordigheid en seëninge van die gode. Soos wat dit verbykom, word daar 'n gevoel van eerbied en vrees in die harte van hulle wat dit sien, ingeboesem.

***Bid*** dat hierdie mense wat hulle hoop in sulke leë praktyke plaas die ware en lewende God sal leer ken.

***▪ Indien u nie 'n Japansending almanak vir 2018 ontvang het nie, of nog daarvan benodig, kontak asseblief ons kantoor in Pretoria en dit sal met graagte aan u gestuur word.***